

...en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooië van God en die geloof in Jesus bewaar.” Openbaring 14: 9-12.

Om hierdie finale en dringendste waarskuwing op te som: **“Let op die waarskuwing van die eerste twee boodskappe anders gaan jy TE LIG BEVIND word!”** Die merk van die dier word geplaas in die “GEDAGTES” en in die “HANDELINGE” deur valse, nie-Bybelse leerstellings. **Baie opregte gelowiges** hang tans “... verleidende geeste en leringe van duiwels ...” **onwetend aan!** 1 Timótheüs 4:1

Diegene wat bely om volgelinge van Christus te wees maar nie **aktiewe student** van God se Woord en Profesieë is nie **sal mislei word** en die merk van die dier ontvang. **Hierdie laaste generasie sal moontlik nie die merk van die dier kan vryspring tensy hulle hierdie waarskuwing van God MET ALLE ERNS SELF studeer en die waarheid ontdek nie.**

In hierdie waarskuwing boodskap word ‘n **wenk gegee** wie NIE die merk van die dier sal ontvang NIE: Hulle is diegene “...wat die gebooië van God en die geloof in Jesus bewaar.” **Moenie hierdie wenk mis of ignoreer nie.** God verwag van Sy volgelinge om Sy gebooië te **bewaar** en ook die geloof wat Christus uitgeleef en gedemonstreer het **self uit te leef**. God verwag dat Sy gebooië op die hart van elke gelowige geskryf sal word deur hul **gehoorsaamheid** aan Hom, asook hul **verhouding met Hom** deur Sy inwonende Heilige Gees.

**GEE AG OP HIERDIE WAARSKUWINGS BOODSKAP EN STUDEER DIT IN DIE FYNSTE BESONDERHEID.** Hierdie boodskap is ‘n stem uit die hemel aan jou wat sê: **“Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.”** Openbaring 18: 4

**VIR MEER HIEROOR, BESOEK [WWW.EINDTYDGEBEURE.COM](http://WWW.EINDTYDGEBEURE.COM)**  
(EINDTYD TEKENS, PROFESIEË & BYBEL STUDIES)

4.

## MAAK SIN UIT DIE CHAOS RONDONDS -

**Vriend, ons lewe voorwaar in SWAAR TYE!** Die Bybel wat die **Woord van God en waarheid** is het dit eeue gelede reeds akkuraat voorspel en verwys na dié tyd waarin ons nou lewe as **“die laaste dae”**: *“Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.”* 2 Timótheüs 3: 1-5

Wat bedoel die Bybel met *“in die laaste dae...”*? Dit verwys na **die finale hoofstuk van die mensdom se geskiedenis** op hierdie sondige planeet net voor Christus se **wederkoms** om **Sy gehoorsame volgelinge finaal te kom red** en om ‘n einde te bring aan diegene wat voort lewe in hardnekkige sonde en ongehoorsaamheid.

**2000 jaar gelede het die Verlosser God gesê:** *“Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.”* (Lukas 12:40) Christus het verder gesê: *“Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlijkheid van sy Vader met die heilige engele.”* (Markus 8:38)

Vriend, ons lewe in die **LAASTE DAE** voor die ewige **KONING** gaan terugkeer om ‘n finale einde te maak aan die sondes in hierdie wêreld, maar **MEER BELANGRIK: Hy is oppad om diegene te red wat aan Hom behoort!**

**Ken jy hierdie Verlosser** wat reeds vir jou sondeskuld 2000 jaar gelede kom betaal het? **Behoort jy aan Hom?** Is jou lewe **totaal** aan Hom oorgegee?

**‘n Ernstige waarskuwing** gevind in **Openbaring** deurkruis tans die wêreld!  
*(Gaan na die volgende bladsy)*

1.

Dis die “ewige evangelie” boodskap wat in hierdie laaste dae gebring word aan elke nasie, taal en volk: “En ek het ‘n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ‘n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke...” Openbaring 14: 6

Hierdie “ewige evangelie” boodskap het drie dele – dit is ‘n waarskuwings boodskap maar ook ‘n liefdevolle uitnodiging aan elke mens om dadelik, soos jy is, na God te draai in ware sonde besef en God se genade gawe van die ewige lewe aan te neem!

**Waarskuwing 1:** “...En hy het met ‘n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlijkheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.” Openbaring 14: 7. **In kort:** Hierdie waarskuwing doen ‘n beroep op elke mens om God se genadige en liefdevolle geskenk van verlossing en ewige lewe, in Sy Seun, **deur geloof AAN TE GRYP.**

**Verder word ons gemaan om GOD TE VREES** deur aan Hom ontsag en respek te toon, Hom die eer te gee wat Hom alleen toekom as die ewige Skepper God. Deur Hom eer te betoon deur **aktief** te soek na die **volle waarheid** soos Hy dit in sy Woord geopenbaar het, om daardeur **wysheid te bekom:** “Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand.” Spreuke 9:10.

Sou ons Hom soek **met ons hele hart** moet ons Hom ook **GEHOORSAAM wees** aan dít wat Hy aan ons openbaar, want God soek juis mense wat Hom sal **aanbid in gees en in waarheid**, nie in halwe waarhede nie: “Maar daar kom ‘n uur, en dit is nou, wanneer die **ware aanbidders** die Vader in gees en waarheid sal aanbid; **want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.**” Johannes 4:23. Hierdie is ‘n ernstige en finale oproep om die **WARE God te aanbid** deur **opregte gehoorsaamheid** aan Sy opdragte, want gehoorsaamheid is ‘n **teken van ware liefde** teenoor God: “As julle My liefhet, bewaar my gebooië.” Johannes 14:15.

(Gaan na die volgende bladsy)

2.

Die **BESTUDERING** van hierdie waarskuwings boodskap sal jou lei om te ontdek dat **God reeds besig is om diegene te oordeel** wat bely dat hulle volgelinge van Christus is – God kyk na ons harte, die motiverings van ons daade en gaan spoedig ‘n finale oordeel vel oor die toestand van ons harte: “Want nie wat die méns sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, **maar die HERE sien die hart aan.**” 1 Samuel 16:7b

**Waarskuwing 2:** “En ‘n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.” Openbaring 14:8. **Die Vyand van God het ‘n vervalste kerksisteem** wat, deur menslike redenasies, reg “klink” en reg “voel”, maar wat gebou is op die fondasie van **menslike logika, ervarings en tradisies en NIE OP SUIWER Bybelse waarheid NIE!**

Hierdie valse kerksisteem het oor die eeue God se **ware kerk binnegedring en gelowiges mislei** deurdat hulle vandag **baie nie-Bybelse praktyke en leerstellings** as geloofwaardig beskou. Hierdie waarskuwings boodskap vermaan gelowiges om te identifiseer wie hierdie valse kerksisteem is deur die **studie van God se profesieë** en te verstaan dat hierdie valse sisteem “geval” het en **as walglik en verwerplik te beskou!**

**STUDEER wie hierdie Babiloniese sisteem is.** STUDEER haar metodes en haar slinkse praktyke! LET OP DIE WAARSKUWING en verwerp geheel en al hierdie gevalle en valse aanbidding sisteem!

**God wil hê ons moet GEEN AANDEEL in hierdie gevalle sisteem hê nie!**

**Waarskuwing 3:** “En ‘n derde engel het hulle gevolg en met ‘n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld **aanbid** en ‘n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid,...

(Gaan na die volgende bladsy)

3.